
1983
Bibi Slippers

# 40 gedigte

*“Everything feels like nothing … especially when you’re nearing 40 and humbled by heartbreak.”* **– Apple Music-beskrywing van John Mayer se album *The Search for Everything***

## The Search for Everything

en dan begin die soektog na die ander alles en dit klink só,
nie soos ’n Rolex of ’n Rolling Stone nie, maar wel soos
berou en soos jou eie bloed in jou oor. ’n woordelose boodskap
en die basslag van dieselfde fout wat jy ritmies bly maak, bly
maak, bly maak, asof dit jou bly maak en nie net oud nie.
soms klink dit soos ’n road trip of ’n regmaker wat in die keel
af glip, soms soos die nadraai van ’n goeie naweek. soms sleep
dit voet soos iets wat stadig verander, soms so stadig dat jy
niks kan hoor nie. soms kitaarmusiek en soms die see,
soms die golflengte van ’n naamlose gevoel. partymaal jazz
dit so die soek is meer van ’n snuffel. soms raak die soektog
sentimenteel en speel daar ’n kerkorrel op ’n sonnige oggend.
soms kan jy blomme in die klank hoor opkom en jou selfs verbeel
dat jy rose kan ruik. soms sal jy ’n appel uit ’n boom hoor val,
nooit ver weg nie, en as jy fyn luister kan jy die kneusplek aan
daai appel hoor vorm. soms klink daar ’n fluit-fluit op, maar niks
is nog verby nie.

# baie: 'n indeks

ek weet ek is baie. hoeveel? baie. baie meer. dalk die meeste.
soos in heel veel. ’n groot aantal. baie mense. baie dinge. in hoë
mate. nog baie om te doen. sommer baie. só baie. taamlik baie.
ek het dit al baie gesê: ek is baie. ’n groot hoeveelheid. baie dink
dit: baie nodig. besonder baie. baie graag. geweldig baie. dis
baie dikwels baie seer. baie baie min beheer. baie baie baiemaal.
honderd maal. honderd-en-een. honderd-en-tien. honderdduisend.
baiemaal te veel gesê. ’n bietjie baie. menigte. om baie graag te wil
hê. baie meer. baie moeilik. baie weg. baie erg. erg baie. talle hope
klomp. verdomp! ’n groot klomp heelwat baie baie. dit gebeur baie.
dikwels. telkens. herhaaldelik. eintlik nogal baie.
baie jammer. baie minder. baie moeiliker. een van baie. baie sien.
baiekeer hier. baie geliefde. rêrig. baie. baie so. so baie. menigmaal.
geweldig baie. vrek baie. deksels baie. vreeslik verskriklik werklik
baie. oor en oor. weer en weer. telkemale. vele kere. uiters baie.
omtrent baie! baie moeite. baie liefde. baie dankie. dankie baie.

## indeks van alles wat ek verloor het

eers ’n ballon en ’n paar plakkies, daarna
’n bandjielose bra, ’n rokkie, ’n hoed.
’n toonnael, ’n tand, ’n dun wandjie vel en baie
van my hare, my geloof en ’n groot deel van
my skuldige gewete. toe begin my vingers
een-een afval, later ook ’n been, ’n blinde-
derm en ’n long.
’n paar dae voordat ek my kop verloor het
het ek voor die spieël gestaan en iets was
anders. toe ek besef dat ek nie oë het nie
kon ek sien wat eintlik soek is, en sedert-
dien probeer ek jou naam sê met my mond
sonder ’n tong.

## couldn't have – indeks van gedigte wat ek nie kon skryf nie

die een oor "Moon Song" en die een oor klein Phoebe Bridgers wat 'n jong
Mutton Buster was, mind you, die een oor Mutton Busting, wat soos rodeo
is, maar dis kinders. op skape. die een oor hoe hierdie nie my eerste rodeo is
nie, die een oor hoe hierdie nie my tweede rodeo is nie, die een waarin
die leser besef presies hoeveel rodeos ek al gery het. die een oor die screen-
shot van die swart hond met die oop mond voor die billboard wat niks adverteer
nie maar onbeskaamd verklaar "I like you very much." die een oor al my retired
profile pics op facebook en hoe ek nie een van daardie vrouens kan onthou nie.
die een waarin ek die perfekte naam uitdink vir die gevoel wat oor jou kom,
die spesifieke tipe pyn wat jy ervaar as whatsapp oopmaak net om te sit en wag
dat één naam aanlyn verskyn en dan weer verdwyn. die een oor die ontmoeting
tussen Paul McCartney en Phoebe Bridgers se pug Maxine, die een oor Madonna,
die een oor Raphael se painting "Madonna of the pinks," wat spesifiek sou fokus
op baba Jesus se baby fat en die vreemde fatsoen van sy voetjies. die een oor
die stukkende skulpies wat ek vir 'n jaar lank versamel het, elke een 'n melktandjie,
oor die flessie tandjies wat volgeloop het deur die dae, oor die pienk merkie
op elke tand asof 'n ongebore dogtertjie dit op die strand verloor het, oor my
gekrap in die sand en my vormlose verdriet, oor als wat deur my vingers geglip het,
oor die water in my hande en die baie dinge wat ek nooit sal vashou nie.

## maand van minute

my mond vol minute vir ’n maand lank oopgespalk
elke uur ’n yskas in die pakhuis van die dag
een-en-dertig sakkies melk elk aan ’n nuwe nag
gespyker – nie een het ooit ontvries of in ’n maan
verander nie. was die tandarts maar ’n towenaar!
het die lang hand nie die gebruiksinstruksies mis-
verstaan nie? kon mens hierdie spierpyn met spons
bedokter, die halstarrige hart met ’n koekroller pars?
flos met jou verlange tot jou tandvleis daarvan bloei:

een-en-dertig coke-bottels vol tuisgemaakte mondspoel
en ’n twee-liter lemoensap wat moet instaan vir die son.

## except it's 6am and 10 years later

ook die oggend na afloop en my een hand roer die swart van jou hare
die nag gaap nog donker die dag in en doer hang die stad soos mangels
jy het jouself in jou slaap toegemaak soos ’n tab en ek voel elke minuut
allener die dekade van onsaamheid begin plooi om my oë ek draai stil-
te om my soos ’n duvet en plaas my voetsole sonder klank op die plank-
vloer vind voel-voel my stukke verstrooi waar dit gisteraand gestroop is
borsel sorgsaam en saggies jou smaak uit my mond. hoekom is dit seer
as ek spoeg en ons vermengde speeksel in die wasbak afspoel? dis die
hoop wat doodmaak, is my gedagte in die gang. ek draai jou sleutels
geluidloos en sluip na buite. sonder dat jy wakker word druk ek
die slot op knip.

diep liefdes gedigte

# MARIANA TRENCH

nou ken ek jou liefde as die diepste plek op aarde, en hier is nog 'n feit: as die hoogste plek in die diepste plek neergesit word sal dit steeds met meer as twee kilometer onder water wees. nou ken ek jou liefde as die diepste plek op aarde en ek weet: geen lewe kan die druk hier oorleef nie

## MPONENG

natuurlik is die diepste myn sommer net hier naby ons, natuurlik word daar steeds gedelf. natuurlik dryf die soeke na goud die delwers dieper, dieper, dieper die aardkors in, natuurlik laat hulle hol tonnels agter en is daar baie gevare. natuurlik bly jy glo daar is ’n ertsaar êrens binne my. waarom voel ek elke dag meer leeg en onnatuurlik?

# DRIEFONTEIN

Die tweede diepste myn is steeds
ondenkbaar diep en as ek jou
die tweede diepste liefhet, weet:
daar is meer maniere as net meters
en kilometers om wat kosbaar is
te meet.

# KOLA SUPERDEEP BOREHOLE

“Kom ons boor so diep as moontlik die aardkors
in omdat ons kan,” sê iemand vir iemand en vir
’n tyd word daar ontdekkings gemaak en almal
stel belang in die nuwe diepste plek. maar jare
later is die terrein verlate en vervalle en die opening
na die superdiep boorgat toegesweis en swygend.
dit is steeds die diepste kunsmatige punt op aarde
maar ook dié prestasie maak nie meer saak nie,
irrelevant soos die droefnis wat nog elke dag vanuit
die diepte deur die metaalprop probeer druk.

# DEEP DIVE DUBAI

“Diepseun, jou “diepte” is pure drama, ’n foefie soos daai
diepste-swembad-in-die-wêreld in Dubai met die hele fake
stad onder die water, in plaas van skeepswrakke of haaie
is daar foto’s van movie stars teen die onderwater mure,
soos iets uit die wet dream van ’n baie diep tiener. Jou
diepte is veilig, of so sê jou website, met uitstekende diens.
Nee, dankie, hoor. As ek die dag lus voel vir vryduik of versuip,
gee my veel eerder die outentieke diepte van die see, en roofdiere
met te veel tande wat in onvoorspelbare strome deur die dodelike
dieptes sluip.

# GANS TE DIEP

ek het jou diep lief, nee nie só nie, dieper, so diep
soos net ’n digter kan. in die duikboot van die gedig
bereik ek nuwe dieptes en laat my swaarste woorde
sorgsaam tot op jou bodem sink. ek stuur my skerpste
dele af om nog dieper te boor en nes jy dink dit kan nie
dieper nie verras ek ons altwee deur deur te breek, verby
die diepste plek. aan die ander kant van die aardbol
in ’n ander see om ’n hele ander kontinent dryf die wrak-
goed van ou woorde in die vlak water: mits dese wil ek
vir jou sê hoe diep my liefde vir jou lê.

## ’N VAKANSIE

lank gewag en ver gevlieg vir dié vakansie, ’n kortspeel-
plaat vol treffers deurdrenk van stroop. waterpark en wafels,
ons het nog nooit van werk gehoor nie. ek’s ’n meisie
wat vergeet het sy’t ’n huis, jy’s ’n man wat maak of dié
sy lewe is, ’n weke-lange Disney-dag waarop die son nooit sak nie.

# 1.6 METER

jy was cute en uiteindelik net ’n klein teleurstelling, ’n croissant of ’n koekie wat nie meer heeltemal vars is nie, een skeppie roomys wat van die cone af val. in ander woorde: als is okay. soms is liefde kort, maar vergeet was in dié geval korter, selfs korter as jy.

argiewe

## LIEWE (10)

nog lank te vroeg vir terugkyk, tog: jou gesig
skyn in my truspieël, dis ’n lig waarby ek skryf.

êrens tussen die eerste band-aid en jou beanie
het als te veel begin beteken: dorings in jou bo-
arms, brandnetels teen my lyf. stiltes prik my oë
in ’n ou patroon. jy dink dalk nie jy’s mean nie

maar jou woorde oor dié afstand skiet gate deur
my vel. voedoe vir beginners, mistasting na ’n aar.
gister gloei agter die gapings tussen ribbes waar
'n stralende speldekussing klop. ons is geperforeer

maar sal leef – het mos geweet dit gaan seer wees.
ons naai alweer met some langs wat reeds omboor
is: bekende streke, dié steke. ek brand ’n naald oor
jou oop vlam skoon, krap duwwels uit ons vlees.

## LIEWE (13)

wat jy van my gevra het is om onder water asem te haal
wie jy gedink het ek is, is akwalong-meisie en terra firma-vis

en dit is so, ons vaar soveel beter in die blou omhelsing
van die see. ons maak sin in sout, in ’n visbak, gewigloos
tussen borrels. sonder vaste grond is ons sexy, glad soos
dolfyne, verlos van swaartekrag en suurstof. maar die ding

is, ek sukkel. ek kry nie asem nie, sien, en ek hunker heel-
tyd na iets buite die glas van dié akwarium waarin ons dryf.
dié is nie my element nie, maar ek voel ewe ontuis in my lyf
op land. ek krap my eie skubbe met ’n vismes af, kyk skeel

in elke spieël. deur jou waterdigte lens is ek ’n regte meermin
maar dit was nooit waar nie. ek’s ’n sandhaai of ’n slang, on-
klaar, op pad. ek wil opstyg maar ek’s vlerkloos en weeg ’n ton.
ek strompel deur die strate op my eensame voet, my enkele vin.

**drop ’n pin, toe?**

## Soektog: Pink Rabbits

## GOOGLE MAPS: 44 14'39.77N 7 46'10.71E

kjy is niks groter as ’n veldblom voor dié verskynsel nie, ’n ontsaglike haas
in toiletpapierpienk, ’n gebreide berg in die berge, ’n land wat uit die lug
geval het. waarom is daar ’n reuse pienk hasie in Italië? die haas het mos
sy redes en rede weet daar fokkol van, maar dis vreugde wat dié haas
gemaak het, so sê sy skeppers, die vreugde van klouter oor sy ore en amper
in sy oop bek val, van rondstaan op sy boep en tuur in die verte, verby die hart
en lewer en binnegoed wat uit sy sy lek waar hy lê, such is the happiness
which made this rabbit. hoe groot is die pienk hasie in Italië? 200 by 20 voet!
verbeel jou die ouma wat dié konyn gebrei het, die wolhaarstories wat sy
vir haar kleinkinders spin en haar bordjies koeksisters wat bo jou uittoring,
die enorme soet gletsergang van stroop. is die reuse pienk hasie steeds daar?
kyk, ’n reuse pienk hasie ontbind stadig op ’n berg in Italië. Happily in love
you step down the decaying corpse, through the wound, now small like
a maggot, over woolen kidney and bowel. hoe het die reuse pienk hasie
daar gekom? genoeg vrae, veldblom. hy’s al grys en verrot, nou slegs as
buitelyn sigbaar op google earth, ’n gebroke belofte om 20 jaar op jou te wag.
Happy you leave like the larva that gets its wings from an innocent carcass
at the roadside. dit is geluk wat hierdie haas gemaak het, is dit nie? jy noem
dit waansin, ek noem dit liefde. I love the rabbit the rabbit loves me.

## VILANCOULOS, MOSAMBIEK

as die son begin sak lyk dié hoek mosambiek bietjie
soos mexico sonder make-up, maar dis dalk net hierdie
kaktus en die pienk streep bo die see. saans is ek skrikkerig
vir honde in die donker, maar ek stap steeds in die stof-
strate asof jy langs my loop. die water is bedags ’n inkblou
kwashaal tussen die olieverf-hemel en die leë papier
van sand. dis ’n kuns om alleen en tevrede te wees.
die wind het ’n zen-tuin van die duin gemaak en iemand
met ’n klitser het die wolke styf geklop. ek het genoeg
geslaap en my moeg gelees. ek wonder waar’s my harkie?
o, ek mis jou, my meringue.

## VISRIVIER CANYON, NAMIBIË

dié landskap lees my met elke tree en **bookmark al my bullshit**, helderheid kronkel deur koggelende klip, waar, soos vars water. net my voetval, net my hartklop, net die herhaalde herroep van die vier bas-slae en digitale tom-trom en dan die eerste akkoord van Harry se huil-bop wat uit ’n warmbron syfer en die koel beek van my dagdroom binnestroom. ek is onbekommerd, ek dink net aan jou en onthou dit wat ek jou nooit laat sien het nie. loop lig want die velyn van dié gevoel kan maklik verkrummel en die son begin verdwyn agter die krans. ek kan altyd hierdie liedjie instap om weer daar te wees, op my rug in die rivier onder die vervoer-band vol sterre wat vir die ruimte in my sing. hier. kan jy hoor hoe delikaat kriek die klein frats van ’n antwoord deur my are?

om ’n speld te hoor val

## voicenote

luister, liewerd, ek het jou – ek wil sê
lief? – maar hier hap ek weer bubbles
en joeg ... dis vreeslik warm? so, uhm,
dalk moet ons weer probeer wanneer
dit winter is en ons beide minder self-
bewus oor sweet en meer besorg oor
beddegoed as wat ons nooit oor uit-
eindes gaan weet nie? hoor hier, jong,
dis nie jy nie dis die son wat als so bleek
brand in die voormiddag wat my na
vlaktes laat smag en na boomtoppe snak.
die ding is: mens kan gulsig raak vir skoon
lug en mak, maklik, maklike mense en dit
voel my ons is altwee moeg en ons het hard
genoeg probeer vir nou.

## Just
(Henry Ate, Slap in the Face, 1995. Vir J.)

elke paar maande leef ek gou ’n ongeleefde lewe in die lengte van ’n liedjie:
vir amper drie minute verbeel ek my dat jy my mak kon kry en in ’n huis
aanhou, ewig trou en net vinnig op pad kwekery toe vir saailinge en saad.
die afgelope tyd – vir twintig jaar – dink ek aan jou as ’n los draad en wonder
of ek tóé verkeerd was en of als dalk nou verdraai is, of ek my by jou moes skaar
en kindertjies baar, en waar ons nou sou wees as dit so was. hoor daai eenvoudige
intro op die akoestiese kitaar: dis my doodluiterse dae in poly-cotton blomrokkies
wat ek self gestik het, dis my maermerries wat uitsteek onder die soom en my kaal
voete, dis ’n ek wat niks het om te verdoesel nie, dis ’n sandkasteel van stoom.
as ek net hierdie een ding kon verstaan, as ek net iemand anders was, as ek net
my wilde binnekant kon baasraak, sou dit als die moeite werd wees? of sou ons
kosbare tyd verspil en dan besef dat niemand is soos hulle voorkom nie, dat niks
die vrede kan herstel nie. jy is nog altyd by my ek sal tot aan die einde doenig wees
met my pogings om dié toiing in begrip of aanvaarding vas te knoop, sal selfs probeer
om my ontembare gees dit te vergewe, en ons sal vriende wees, van ver af,
tot ons lang asems oplaas leegloop.

**Pink in the Night**
(Mitsky, Be the Cowboy, 2018.)

lek is ’n bloeisel en ek bloei, o hoe bloei ek in die nag, skelpienk
gloed van my radio-aktiewe bloed wat in die donker blom. bly weg
van my want om nader te kom is gevaarlik. doef-doef-kraak is die geluid
wat my hart maak, doef-doef-kraak, soos my gloeiende bloed ’n weg
deur my lyf vind. ek is naak en nou is daar ’n radio-aktiewe reënstorm,
die reëndruppels gee lig af en klank. jou bestaan stuur elektrisiteit
deur die sintetiseerder. elektries en seerder en seerder. ek gloei pienk
in die nag pienk van die wag en sag gedink ek is sag gedroom oor jou rug,
ek kan my blind staar na jou agterkant my bloed brand my van binne
en ek gloei van die radio-aktiewe herinnering. ek weet ons het probeer
maar kan ons die eerste soen oordoen? beter die keer, ek wil weer en weer
en weer en weer ek is ’n kragstasie ek is ’n reaktor dit is kern-krag dié
en die pienk gloed in my kamer is uit die ruimte sigbaar.

## Mitski - Let’s Get Married (Bleachers Cover): 'n YouTube kommentaar-komposisie

lhaar stem is pastelblou, as teerheid ’n klank was
dit voel soos dagbreek, sag soos stofpartikels in ’n sonstraal
letterlik crack ek voel onpeilbaar
dit is die klankbaan vir elke goeie droom

dit kllink te veel na hoe jou bors
dit voel of sy my ope-hart sjirurgie gee
o god die deernis bro, i’m not crying ...
SIT DIT TERUG OP SPOTIFY JULLE LAFAARDS

ek het nooit van die idee van trou gehou nie, maar
mitski het liefde uitgedink
ek sal enige musiek eet wat haar stem in het
ek kon my tande voel uitval god ek het jou lief

dit wil my minder laat doodgaan wow
mitski please i do, I DO

## NEW YEAR'S DAY

hy was meneer middernag, meneer nooit more nie
en sy een van daai sadiste wat soms die laaste
bladsy eerste lees, only in it for kicks, sy wou sien
hoe hulle by die einde gaan kom en wat sal agterbly
as die partytjies oor is. sy het langer aan die sleeptou
vasgehou as wat sy ooit beplan het – die reddings-
boei van blinkers het haar hande verbrand

## full internet person

so is ek gebore op die internet, met pienk hare op my profielfoto
in die sparkle punctuation van myspace, nie 'n mens nie maar
'n screen name met musiek op my landing page wat moes instaan
vir gevoel. so het ek leer kruip en later loop as avatar, geleer om in
die template te drag en te drop en so bietjie te design om my identiteit
as webblad op te voer, om myself as inligting uit te saai. so het ek
my page verfyn en soms heeltemal verander, my tipografiese stem-
toon persoonlik leer maak. my self in die web begin vasspin, myself
uit hashtags begin bou. so het ek volwasse geraak as data en my
plek in die wye wêreld ingeneem. so het ek my myspace-bladsy
agtergelaat tydens die groot eksodus na facebook, 'n leë werf
waar spoke loop en my pienk hare steeds soos onkruid groei



## Soektog: Pink Rabbits

About 2 950 000 results (1,43 seconds)

Pink Rabbits / **Album**

# Trouble Will Find Me

onsuksesvol, die soeke na stilte en my kop word ’n weekdier in die reën. dié liedjie,
dis die een, the most The National The National song ever: dink jy darem nog aan
my terwyl jy pienk Nestlé Quick Milk drink met tequila en kahlua daarby? wat hoor
jy? romanse en vrees en angs en verwarring – wat’s die kans dat enige iemand
ooit ’n pink rabbit gaan drink, and that’s the beauty of it, hy erken dat sy seker nooit
aan hom dink nie. nogal depressing, but that’s the sad dad band for you. en die reën
was nie soos reën nie maar meer soos die see, ’n verhouding eindig, maar dan keer
hulle terug na mekaar, so verbaas dat jy nou wil dans net toe ek jou as afwesigheid
begin verstaan. i’ve listened to this song 18 times in 7 hours, skryf iemand op Amazon
en ek dink amateur (ek dink dit in engels, want ek is op die internet) ek het al hele dae
met dié liedjie uitgedoof, soveel so my gemoed het permanent pienk geraak. dis nie
asof ek dit toe begryp het nie, dis nie asof ek dit nou begryp nie. almal was weg en ek
het net daar op straat bly staan. maar ek het mis geluister, los angeles vir our sadness
aangehoor. he’s reaching, skryf iemand op Amazon, reaching out to get out of desperation.
moenie vra hoe ek hier beland het nie. dis nie asof ek moeilikheid gaan soek het nie.
ek wou regtig net stilte vind en jy het beweer dit gaan pynloos wees, die jyste jy-
leuen ooit. jy’t nie eers gesien hoe ek ontrafel nie. dit was niks soos die gebroke harte
in liedjies nie. ek meng vir ons pink rabbits en sak in die chaise lounge neer. jy’t gesê
dit gaan ’n hasie-melkie met haaitande wees. dit was niks soos dit nie, it wasn’t that at all.

# MET WIE


met wie is
met wie is **coenie de villiers getroud**
met wie is **ricus nel getroud**
met wie is **minki getroud**
met wie is **sonja herholdt getroud**
met wie is **mila guy getroud**
met wie is **shari kennedy getroud**
met wie is **robbie wessels getroud**
met wie is **elizma theron getroud**
met wie is **herman lensing getroud**
met wie is **jan braai getroud**

eggenote van die internet, die mense wil julle ken!
wys julle gesigte, minki se man en coenie se vrou,
en jy, die ou met wie mila guy getrou het. kom, kom,
susan slaai, ewig verbind tot jan braai, dit is nie goed
dat die vleis alleen is nie. om so verenig te wees is
'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid,
mevrou wessels, so laat ons tog weet wie jy is.
kan jy verklaar dat daar geen beswaar teen jou huwelik
met elizma was nie, meneer theron, en aanvaar jy
al hierdie soekers as getuies dat jy haar tot wettige vrou
geneem het? hierdie eenheid is die diep geheim
van 'n gelukkige lewe, en dit is waarom almal vra
aan wie shari kennedy getroud is, aan wie herman lensing
sy regterhand gegee het. ricus nel se vrou, beloof jy,
wie jy ook al is, dat jy hom nooit sal verlaat nie?
en sonja herholdt, dat jy jou tweede man in liefde
sal eerbiedig en sal help, en sy naam en van in genoeg
onderhoude sal noem dat die antwoord op google
hardop "ja" sal wees wanneer mense vra of die soekenjin
weet aan wie jy jouself op allerlei maniere gee, met erns
en met humor, **in gelukkige en moeilike omstandighede, amen.**

## Een screenshot wat ek wel vir jou gestuur het: skeel kietsie

sy een oog is die omgetiepte emmer waarin al die vrae was
die ander oog soek antwoorde

sy een oog is ’n ekstrovert die ander een staar stip na binne,
die pupil daarvan ’n self-
geadresseerde koevert reeds onderweg na sy stert

sy een oog is op ’n uitgerekte wêreldreis die ander een bly
heeljaar tuis en dink na oor sy sondes en ipekonders

sy een oog rol ironies die ander kyk skoon liefsiek soentoe
sy blik trap twee stelle spore
                    sy siene is x-straal en domverlore

in die ruimte tussen links en regs is leegte, die holte van sy
gemmerkoppie is ’n rottangmandjie waarin ons bessies sou
kon bêre

      as jy eendag ophou dwars trek as ons dieselfde voel
                                        oor iets.

## **Instagram stories: #thedanceofourpeople**

*Vir MP*

kom ons wys vir julle die dans van ons mense, die viswywe met voete,
vriendinne met vinne, meisies wat aldag die wysies van alle water
hoor. kom ons demonstreer hoe ’n klein reservoir vreugde ons lywe
aanspoor tot belaglikheid, die bewegings van flamanke of kruppelikane,
hinkendepinkende plesierdiere wat van vrolikheid wriemel met te veel
arms, met baie bene wat opstrek tot in lengte van die langste warm dae.
ons is ’n gesinchroniseerde swemspan baba giraffes, ons dartel soos dronk
donkies. onvolmaak ons ruk-en-riel op sand, strand-samba, bikini-bop
van die landwalvisse. ons doen ’n nat sakkie-sakkie met ons selluliet
op skou, skud ons beblomde boude, al ons stukke dril maar ons gille
is gemaak van genoeglikheid. ons dans in die gesamentlike aanvaarding
van ysige getye, ons krioel van koue, ons bibber soos ons bop, ons doen
dit alles saam. hierdie is die skaamtelose dans van seebamboesemvriendskap.
ons vergruis in hierdie oomblik al ons verdriet soos skulp onder ons voete,
ons vervaardig stampend krag vir aangaan in dinamika. ons keer telkens
dansend terug na die see. ons word ouer en blouer, meer vloeibaar en wys.
ons doen die dans van ons mense. ons verwater in jare.

## CLICKBAIT:
## How To Find Someone Special On Tinder

vergeet van tinder en word meer boom, meisie meisie
maak jou eie skadu, soek jou eie son en reik jou arms on-
beskaamd hoër. groei. word groener en meer vredig met die dae
en wees 'n huis vir klein vreugdes soos voëltjies en muise. kweek
'n hart van bas wat die jaarringe van jou onafhanklikheid binne
hou. vergeet van trou en berg jou mores in die belofte van sap
en saad. wees wys en lief vir wag en stilstaan. word sterk van stam
en laat jouself toe om dieper te wortel. sprei jou takke blyer en jou blare
meer uitbundig. word deel van die woud en laat weet die ander bome
as 'n pes op pad is. minder boyfriend en meer boom, meisie meisie -
waarom brandhout maak van jou vingers en jou ure as jy kan lewe
wees en asem gee met elke oomblik van jou vars bestaan.

verlore sequins

# MAAN-MITE

die mense hier vertel ’n storie oor die maan,
daardie leidraad wat as ’n splinter blinker opkom
en dan nag na nag nog meer verklap tot sy ’n hele silwer
sequin vol vingerafdrukke word, maar stadig weer afslyt
en al die bewyse vernietig. al wat oorbly is verdriet
en mite.

# TUT-TUT

Toe Tutankhamon se graf in die 1920’s opgegrawe is,
was sy klere oortrek met sequins. goue skywe is aan sy
kleed gewerk om te verseker dat hy goed lyk en geld
het as hy die gange van die na-dood bewandel. en hier
stap ons steeds in die 2020’s soos slaapwandelaars,
halfdood van verdriet en armoedig van gees gaan ons
ons gang, tut-tut verby mekaar. maar ons lyk darem okay
onder ligte, in ons begrafnisklere bedek met blinkers.



## appeltjie

ons word platoniese sout van die ongerepte aarde
en dié die laaste appel wat ek ooit na jou sal gooi.

jou bladwisselende hartklop bied ’n crash course
in verlies. tog: ek weet ek kort jou kiltes om behoorlik
te kan bot.

kyk hoe kneus die appeltjies wat rol oor die vloer:
die opbrengs van ons geil tye, die enkel goue reël
– solank ons vars en groen bly saam.

jy’s my oog s’n, ek’s jou tert en jy’t my nodig soos
’n pynpil. besproei gerus my boorde en maak
al my woorde waar.

ek het jou lief en **ek wil weer begin.** seblief, ek vra
jou mooi. bring weer lente, bring weer bloeisels en kom
klim weer in my

kooi. dalk leer ek ook later om beter te kan kies,
maar vir nou is jy die toffie met alleenreg
op my tong.

stiltes strek oor maande. in die klokhuis sing die saad
van sianied en suikerbye, van bevrugting en van skil.



## aarbei melkskommel

my melkies bring al
die mans na die werf om my
posbus pienk te verf

## makrolletjies

ons twee, ligte la-
gies skuim, mooi vasgegom kom-
pakte stapel sug

## klapperys

kondensmelk, sy tong
hy aai my pienkste ys tot
my tande klapper

## kolwyntjies

so sag, jou hande
gekoppie om kolwyntjies
sit my in jou mond

## beacon funny faces

jou ligpienk varkgesiggie
opvreetbaar oulik
ek sal saggies byt

## malvalekker muise

koubare kussing
tong perfek vir pynloos byt
muisvlees soos matras


TİKA

shhhhhhhhhh

## chilled pink sleep

kuswind en winterlakens, ontspan
jou wange en wees gewieg in pienk-
ruis. word sagkens verlos van die wakker,
gesus tot in die verligting van ’n inhoudlose
oomblik. sluimer in, gesig begrawe in hierdie
suisende kussing van klank. rus, dis chill. jy kan
droom as jy wil, maar jy hoef niks te post nie.

